



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel/Fax: 051 430 4352

Braunvieh Cattle Society of South Africa Braunvieh Beestelersgenootskap van Suid Afrika

P.O. Box / Posbus 7864
BLOEMFONTEIN
9300

Tel: 051-4100 950
Fax / Faks: 051-448 4220
E-Mail/E-pos: liezel@studbook.co.za

13 April 2009

Geagte Braunvieh lid,

Ek hoop u het almal die uitnodigingskaartjie na die Vryburgskou en na ons jaarlikse algemene jaarvergadering gekry. Ons hoop ons sien u vanjaar almal by die skou omdat dit juis 'n baie spesiale skoubyeenkoms is vanjaar aangesien ons vriende en medetelers van Namibië ook vanjaar met hulle Braunvieh kom skou.

Ons slaan tent op by ons stalle waar ons lekker gaan saam kuier. Op Woensdagaand 29 April 2009 na die beoordeling van die dag is u almal welkom om in die Braunvieh tent lekker saam te kuier en 'n vleisie te braai. Vleispakkies sal by die tent aangekoop kan word en daar sal 'n slaai, lekker pap, broodjies en 'n sous wees.

Daar is vanjaar ook 'n paar nuwe toekennings wat gemaak gaan word:

1. Daar is 'n toekenning wat aan die manlike of vroulike dier gedoen gaan word wat beskou word as die kampioen Braunvieh van die skou.
2. Die president skenk 'n trofee wat hy jaarliks gaan toeken aan die lid wat volgens hom die grootste bydra gelewer het om die Braunviehras in die RSA te bevorder.
3. Vir dié van julle wat gaan skou is daar 'n toekenning wat gemaak word vir die mooiste opgemaakte skoustal tydens die Vryburgskoutentoonstelling. Die toekenning sal deur die media/landbouskrywers wat die skou bywoon gedoen word.

Kom ons staan uit soos 'n oase in die woestyn met die skou op Vryburg! Dit is nou tyd dat die beesboere van ons Braunviehs moet kennis neem.

Ons hoop om u almal by die skou op Vryburg te sien. Ons gaan lekker saam kuier van Dinsdag 28 April 2009 tot Saterdag 2 Mei 2009 wanneer ons oppak en terug beweeg huistoe.

Sien uit om julle almal daar te sien.

Laat weet asb vir Liezel dat u daar sal wees!!!

Braunvieh Groete,

Kobus Bezuidenhout
Portefeulje: Nuusbriewe